

**Skriflesing:** Genesis 3

Heidelbergse Kategismus- SONDAG 3

**Sing- Ps. 61:1,3; Ps. 104:20,21; Ps. 46:6**

Broeder en suster - wie is ons eintlik? Ons het dit die vorige keer al erken. 'n Klipharde woord, 'n diep seer dat ek van nature geneig is om **God en my naaste te haat**. Hierdie haat, ten spyte van God se liefde, ten spyte van God se alles-omvattende heerlike Wet, dat jy God bo alles moet liefhê en jou naaste soos jousef, maar ek en my natuur is sodanig dat ek geneig is om God en my naaste te haat. Sondag 3 is nie minder hard nie. Ons bely in antwoord 7 dat **ons natuur so verdorwe geraak het dat ons almal in sonde ontvang en gebore word**. En vraag 8 sê nog weer dat **ons tot alle kwaad geneig is en glad nie in staat is om iets goeds te doen nie**.

In Sondag 3 word daar geworstel met die feit hoekom ek is soos ek is. Is dit God se skuld dat ek in myself hierdie haatlike natuur rondra? Waar kom dit dan vandaan? Kan daar iets aan gedoen word? Broeder en suster, dis hoe eerlik ons belydenis die vrae wil vra.

In-en uit die mens self is daar nog geen bewys en geen vermoë tot verbetering nie. Mense haat mekaar, verneuk mekaar, verkoop mekaar, kyk na ons land, kyk na die politiek, die korrupsie, ons huwelike, die manier van hoe baie mense na besigheid kyk en besigheid doen.

\*\*\*

Die vraag wat die opstellers rondom die Kategismus laat wonder is 'n vertolking van wat u en ek ook met ons redenasies oor wonder? **Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskape?** En dan besef 'n mens, broeder en suster, dat Sondag 3 en Genesis 3 hoort bymekaar, ons kan dit noem 'n tweeling. Die swartste nag van die mens se bestaan het oordag gebeur toe die sondeval plaasgevind het. Daardie momente, daardie tydstop, wat maak die mens met oomblikke van tyd, wat ons in Prediker 3 vanoggend na wou kyk, die oomblikke van die sondeval- maar enkele oomblikke, die paar minute, dalk die paar ure van 'n dag in Genesis 3 en dit word Sondag 3.

Die skepping het geen skuld aan die sondeval nie, so min soos wat ons vir God skuld kan gee vir die sondeval. Die skepping was goed. In Genesis 1 is dit van die begin af duidelik dat God nie net alles goed gemaak het nie maar *baie goed*. En asof dit nog nie goed genoeg is nie, word daar bygevoeg die mens is na God se *ewebeeld* geskape.

Hoe goed, ons kan maar net die woorde van ons belydenis nasê. **In ware geregtigheid, in ware heiligheid, hy kon God sy Skepper reg ken, hy kon saam met Hom in die ewige saligheid lewe...** Alles sou kon wees om God te loof en te prys, so goed was dit, so heerlik was die beeld waarin God die mens geskape het. Hiermee het ons God se goedheid, die volmaakte skepping en die diepste bedoelinge wat daar by God kon wees in gedagte. God het met vyf dae 'n wêreld klaargemaak waarin Hy vir die mooiste van sy skepping, die kroon van sy skepping, vir die mens 'n plek wou gee. Op die sesde dag het God gesê- *Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.*

Die aarde, die voetbank van God se voete, het die Here op 'n besondere manier die aarde ook onder die mens se voete geplaas. Die mens moes vir God soos 'n ambassadeur op hierdie aarde wees, as verteenwoordiger, maar nog mooier, dit gaan oor om vir God koning te wees in Sy skeppingsryk, wat al 'n koninkryk was. Die mens wat moes heers impliseer 'n onder-koning onder die groot Koning wat alles geskape het.

Hier sien ons die hoë afkoms en die hoë posisie waarin die mens geskape is, wat reeds die heerlikheid van God se verbond uitspel. Wanneer die Here na die mens sou kyk wil die Here iets van sy eie grootheid en heerlikheid in die mens raaksien. Calvin het gepraat van dat die mens God se spieëlbeeld op aarde moet wees. 'n Spieël van God dat ons in al ons doen en late God se glans en grootheid weerspieël.

\*\*\*

As ons Psalm 8 lees dan kan mens sê dat God het die mens byna goddelik gemaak. Psalm 8 is so duidelik dat die mens met eer en heerlikheid gekroon is, sodat ons die heerlikheid van God op aarde kan wees. Om aan God verbind te wees is om werklik vir God te ken. M.a.w. ek moet vir God 'n profeet wees. Om 'n spieëlbeeld van God te wees moes God se liefde vir sy skepping weerspieël. M.a.w. ek moet vir God 'n priester wees. Om verteenwoordiger vir God te wees is nie net om God te ken en lief te hê nie, maar om God te dien. Ek moet vir God 'n koning wees.

Tussen al hierdie mooi en wonderlike woorde, kan u agtergekom, daar is nie eenmaal iets genoem wat die mens van God se kant lelik kon maak nie. Daardie lelike woord, van Sondag 2, dat ek van nature geneig is om te haat, is glad nie by die skepping van die mens te vinde nie. Die van nature kom nie uit die natuur van die skepping nie, nee daar moet 'n ander natuur ook wees. Dit wat die mens 'n verdorwe natuur sou gee.

\*\*\*

Die mens het die beeld van God met sy eie verbeelding wou vervang. Die mens wou nie meer na God se beeld en gelykenis geskape wees nie, néé, die mens wou aan God gelyk wees. Die mens wou nie net meer kind van God en onder-koning wees nie, nee die mens wil koning wees, die mens wil self god wees. Dit alles begin en gebeur rondom 'n boom en die oomblikke rondom daardie boom. Daar het die mens geval, daar het die eerste ongehoorsaamheid deel van ons geword.

Die mens het geval van baie hoër as uit 'n boom, vanaf 'n baie hoër posisie, daardie heerlike posisie vanwaar God ons geskape het. God het gesê van die een boom in die paradys, wat ook maar 'n gewone tipe vrugteboom sou wees, mag jy nie eet nie. Ons gee vir verskillende bome name, God het ook vir die boom 'n naam gehad. God het die boom genoem die boom van kennis van goed en kwaad, daarvan mag die mens nie eet nie. Vir God was dit 'n toets, 'n ware toets van of die mens waarlik aan God gehoorsaam wil wees. 'n Mens wat nie moet vra hoekom, waarom, wat sit hieragter, ag dis mos belaglik om vir my te sê ek mag nie so-iets doen nie.

'n Eenvoudige opdrag wat sou dui op eenvoudige gehoorsaamheid, 'n kinderlike aanvaarding van my Here het gesê jy moet nie hierdie boom eet nie, al kan ek nie die sin daarvan insien nie. 'n Mens wat nie moet dink dat iets wat vir jou nie sin maak nie, ook nie vir God sin maak nie. Vir God was dit van groot sin. Vir God was hierdie proefgebod saam met die ander gebooie wat die mens reeds in sy hart gedra en geken het uiters belangrik, want dit het gegaan oor ware gehoorsaamheid. Dit het gegaan oor dood of lewe. Sou die mens na 'n tyd wel wys dat die mens gehoorsaam kan wees, dan sou ons die ewige lewe ontvang, maar net soveel sou ons ongehoorsaam wees dan het die dood nie net aan die mens se deur geklop nie, maar die dood het ingekom.

Want vir die mens was daar juis ook 'n ander boom in die paradys, waarvoor die Here ook sy eie naam gegee het. Die boom van die lewe. Ja, tussen hierdie bome het groot dinge gebeur, verskriklike dinge, slegte dinge, want mense het van die bome gemaak wat God juis nie daarvan wou maak nie. Die mens se grootste val nog ooit, was die sondeval, want al die tyd was die boom en die slang, nie die werklike oorsaak van die sondeval nie. Satan het wel die mens wou aanval, daarop dui die verleiding van Satan, maar toe het die mens 'n keuse gehad om doelbewus aan God gehoorsaam te wees en nie van die boom te eet nie. Om vir die duiwel te kon sê, ek wil van hierdie boom nie eet nie, nee duisend maal meer, wil ek eerder van die boom van die lewe in die ewige lewe eet.

\*\*\*

Broeder en suster, die mens se keuse en daaruit die mens se geskiedenis hoef ek u nie te vertel nie. U ken dit, u weet dit, want u beleef dit. Die mens wat geval het, het die wêreld laat val. So ingrypend, dat elke sterfbed, elke droogte, elke graf, klein en groot, ver of naby u, elke dier wat van u weghardloop, 'n hond wat my wil byt, daardie kyk in die oë van 'n leeu of luiperd wat mens kan storm, die siektes en seer wat in 'n mens se liggaam kan kom sit, so ongenooïd, maar dis daar, dit alles broeder en suster, het tussen die blare van daardie boom ope gevou. Van toe af is die harmonie in die skepping, alle verhouding tussen mens en God, tussen mens en mens, tussen mens en dier is verwring en geskend. Hierdie kwaad het die totale natuur ingedring, en in dit alles die natuur van die mens.

Daarom broeder en suster, is dit nie net Adam en Eva en hulle alleen wat gesondig het nie. Sonde is nie maar net iets waartoe mens geneig is, en dat ek dan net van tyd tot tyd daardeur oorval word, maar dat dit darem nie regtig so erg is nie. Baie van ons mense wil vandag dit glo dat ons moet tog nie so 'n negatiewe beeld van die mensdom vorm nie. Hulle beskou dit as 'n gewas vanuit die Calvinisme en moet ons hierdie negatiewe mensbeeld uit ons sisteem verwyder. Wie die Here op sy Woord neem, ja dit wat van toe af verder oos van Eden gebeur het, is alles behalwe die goeie wat gehoor word.

Die eerste moord word byna by die tuinkekkie gepleeg, op godsdienstige terrein, ja dit is 'n kerkmoord as Kain sy broer rondom die altare doodslaan, wel net so 'n entjie daarvan af, in die veld, want die mens sal mos maar altyd probeer om hierdie dinge te wil wegsteek en te probeer

wegkruip. Om te ontken dat daar erfsonde is, is om te wil erken dat die mens eintlik nog net so goed kan wees, soos toe God die mens in die paradys gemaak het. **As verdorwene het die mens verdorwe kinders voortgebring**, dit glo en bely ons uit die Dordtse Leereëls Hfst 3/4-par.2. Die Dordtse Leereëls sien die mens en sy kind as 'n totale blinde, duistere beroofde, ydele, verdorwe, bose, harde, mens, wie se verstand en wie se wil en wie se gesindheid al hierdie verskriklike dinge openbaar. Ons sal by ons reeks uit die DL nog weer hierby kom. Hierdie kwaad is deel van voortplanting die oomblik toe die mens self hierdie kwaad ingeplant het.

Erfsonde word dan ook skerp raakgesien, as erfskuld en erfsmet, want ons en ons kinders dra aan die skuld van Adam en Eva, maar dit waarmee ek my eie lewe besmet, dit is nog weer deel van die erfsonde. Die smet van my eie sonde smeer ek nog weer op ons kinders af. Niemand sondig alleen of in isolasie nie. Sonde het altyd 'n greep om ander altyd daarby in te trek met of sonder verskoning. En tog, dit het ons reeds moes erken, ek kan nie verskoning maak vir sonde nie, want God het die mens baie goed gemaak. Daarom dat Job ook vir sy vriende moes sê- Job 34:10- *Manne van verstand, luister na my: Ver is God van goddeloosheid en die Almagtige van onreg*, maar aan die mensekant sê Jeremia in hoofstuk 17:9- *Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja verdorwe is dit; wie kan dit ken?* Dawid vat dit saam na sy sonde met Batseba, dan bely hy dit- *Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.*

\*\*\*

Dit is hoe verdorwe ons geraak het, dat die Here van sy kant berou getoon het dat Hy die mens gemaak het (Gen.6:5-6), en twee hoofstukke verder- Gen.8:21 dan sê die Here dat die versinsels van die mens se hart van sy jeug af sleg is. Ons wat almal oos van Eden lê die belydenis vra dit nog weer 'n keer as hierdie verskriklike natuur nog weer opstaan- **Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?** Die antwoord is kort, al wat ons kan sê is- ja, ek is só?

Terwyl ons die dieptepunt inkyk, ons is in die diepte van hoe diep die val werklik is, dit is soos in 'n diep put waarin ek myself met die sonde in bevind, ek het myself hierin gestort, maar aan die bokant is hierdie put nie toegemaak nie. Daar skyn lig in, en daar waar lig en lug inkom, 'n mens kan jou oë nie daarvan afhou nie. Dit is die lig van God se Woord en die lug van God se Gees wat my laat sê ek is verdorwe, ek is tot niks goed in staat nie, ek is tot alle kwaad geneig,

maar maak my anders o, Here, maak my 'n nuwe skepping. Dit is inderdaad wat die wedergeboorte is, broeder en suster. 'n Nuwe skepping, om herskep te word na wat goed was.

Wie saam die Dordtse Leerreëls hoofstuk 3/4 par.11 bely erken voor die Here dat **die Gees wat die wedergeboorte skenk**, eintlik 'n herskepping bring. Waar die mens die duiwel se beeld vertoon word die beeld van God weer in ons opgerig, ja ek kan na Christus se beeld herskep word. Niks hiervan is ek wat dit kan doen nie. Nie een van ons kan uit onself die sonde en die jammerdal van sonde verlaat nie, maar die Here herskep, die Here begin nou reeds om waar die sonde woon, in dieselfde liggaam deur sy Gees 'n woning te skep en die sonde daar uit te dryf.

Die Dordtse Leerreëls het in hierdie paragraaf 'n refrein wat die wedergeboorte wonderlik aangenaam maak, want bely ons die **Here open die geslote hart, Hy versag dit wat hard is, Hy besny dit wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.**

Dit sluit die preek af- weer 'n boom. Die boom van die lewe. Van twee bome, die boom van kennis van goed en kwaad, daar waar sonde begin het, en ook die boom van die lewe. Van die eerste boom, waar die slang homself ingekrul het en wat die duiwel daar gedoen het, van daardie boom hoor ons nooit weer in die Bybel nie, maar van die tweede boom, die boom van die lewe, daarvan lees ons tot op die laaste bladsye van die Bybel. Ons moet by hierdie boom uitkom, ons moet herskep word om te kan eet van die boom van die lewe. Deur God geskenk, gerealiseer deur die Gees van God, is dit God wat die onmoontlike moontlik maak. Die lewendmakende Gees is die lewe en gee die lewe, dit gee die wedergeboorte, dat wat dood was, weer mag lewe. Die Gees wil wat oud was nuutmaak, die Gees maak mense op hierdie wêreld nuut.

Ons kan nie na die paradys teruggaan nie, maar God het die eerste mense nie hopeloos die paradys laat uitgaan nie. Hulle het 'n belofte saamgekry, die moederbelofte van jy sal die slang sy kop vermorsel, al gebeur dit in die proses van hy byt jou aan jou hakskeen. En vir eeue was daar geen paradys in sig nie, niemand kon daarvan praat nie, maar skielik, toe Jesus in sy

swaarste tyd op aarde aan 'n kale kruispaal gekruisig hang, word die paradys weer by name genoem. Die misdadiger mag hoor- *Vandag sal jy saam met my in die paradys wees.* Aan die kale kruispaal, Hy wat aan 'n hout gekruisig hang, Hy begin reeds te praat van daar waar daar weer bome sal wees, in besonder die boom van die lewe wil weer sy kinders paradysmense maak. Die misdadiger aan die kruis wat eintlik maar net die dood te wagte moet wees, hy ontvang hierdie belofte. Hulle wie deur die Gees van God wedergebore word hulle sal eet van die boom van die lewe in die stad van die lewe waarin dié God van die lewe weer alles en in almal sal wees.

AMEN